Respek. Eenheid. Trots

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

IMMER VOORWAARTS

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

7 Augustus 2026
**NUUSBRIEF 23/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Ideal HSB Sportdag:** Ons wil graag ons opregte waardering uitspreek aan elke leerder, afrigter, skeidsregter en ouer wat bygedra het om ons sportdag so 'n groot sukses te maak. Julle entoesiasme, harde werk en ondersteuning het die dag besonders gemaak.

   'n Spesiale woord van dank aan **Ideal** en al ons ander **borge** (soos hieronder gelys) vir julle ruim ondersteuning wat hierdie dag moontlik gemaak het. Ons is ook opreg dankbaar teenoor elke ouer en leerder van die skool wat bereid was om hand by te sit en saam te werk om alles glad te laat verloop.

   **Hoofborg:** Ideal
   Bonnievale Spar
   Bonnievale Slaghuis
   Bonnievale Vryburgers
   Lactalis
   Living Ball
   Mooivallei Suiwel
   NSD Netbal
   RSD Rugby
   Secunet
   Unipack
   F1 Pakstoor
   STP Consultants

   Laastens wil ons ons terreinpersoneel bedank vir die uitstekende werk wat hulle verrig het. Danksy julle toewyding was die terrein netjies en die sportvelde in puik toestand, wat aan ons leerders die geleentheid gegee het om die dag ten volle te geniet.

   Baie dankie aan elkeen wat deel was van hierdie besonderse dag. Sonder julle sou dit nie moontlik gewees het nie.

2. **Landloop:** Saterdag, **8 Augustus**, is dit **Boland Landloop Kampioenskappe** by Dal Josafat in die Paarl. **Christiaan le Roux** Gr. 6, **Else-Mari Fourie** Gr.5, **Danelle le Roux** Gr. 3 en **Wian Fourie** Gr. 2 gaan deelneem. **Baie sterkte aan elkeeen van julle.**

3. **Sportfotos:** Let asb daarop dat die datum vir die neem van sportfoto's verander na **22 September.**

4. **Gimnastiek: Langeberg Gimnastiekklub** begin 'n tak in Bonnievale**.** Klasse word op **Woensdae om 15:00 tot 16:00** in Bonnievale by die skoolsaal aangebied. Kontak vir **Giani Swart** vir meer inligting by **060 750 2552.**

   Daar was reeds 17 voornemende gimnaste by die eerste klas wat in Bonnievale aangebied is. HSB is opgewonde oor die geleentheid wat vir ons gemeenskap gebied word.

   Hierdie twee nuwe Bonnievale gimnaste het gedurende die Julie vakansie vir vier dae lank afrigting ontvang by 'n welbekende gimnastiekklub in George**. Else-Marie** en **Wian Fourie** was ook toeskouers by die Eden gimnastiek toernooi in Mosselbaai waar hulle baie geleer het.




5. **Uitteken van leerders:** Neem asseblief kennis van die volgende reëlings i.v.m. die uitteken van leerders tydens skoolure:

   - As die ouer self die leerder kom haal sal die ouer die uitteken boek by die sekretaresse moet teken.
   - Indien iemand anders as die ouer die leerder kom haal moet die skool asseblief verwittig word van wie die persoon sal wees.
   - As leerders stap/fietsry huistoe, moet die skool skriftelike toestemming verkry vanaf die ouer deur middel van sms,epos of whattsapp boodskap.

6. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 7 Aug | Gr.3 Fondsinsameling<br>Gr. 5 Uitstappie |
| Sa. 8 Aug | Landloop Boland Kampioenskappe |
| Di. 11 Aug | LS sport vs Wakkerstroom-Wes (tuis) |
| Do. 13 Aug | LS Netbal na Worcester |
| Vr. 14 Aug | Interskole Big Brag |
| Sa. 15 Aug | Interskole Franschhoek (weg) |
| Wo. 19 Aug | HS Redenaars |
| Do. 20 Aug | LS Redenaars |
| Sa. 22 Aug | Me Alma Hamersma verjaar |
| Ma. 24 Aug | SBL vergadering<br>Riversdal Eisteddfod |
| Di. 25 Aug | Juf Gerda Liebenberg verjaar<br>Riversdal Eisteddfod |
| Do. 27 Aug | Riversdal Eisteddfod |
| Vr. 28 Aug | Gr.7 Uitstappie |
| Sa. 29 Aug | o.9 Volveld Rugbydag |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



**Mnr. R. Olivier**
Skoolhoof

Wees die rede vir iemand se glimlag.

Rugby- en Netbaluitslae
**Bonnievale Primêr - 4 Augustus 2026**

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 A | 1 | 5 | V |
| 7 B | 4 | 3 | W |
| 8 A | 5 | 6 | V |
| 8 B | 8 | 2 | W |
| 9 A | 8 | 4 | W |
| 9 B | 3 | 6 | V |
| 10 A | 15 | 5 | W |
| 10 B | 4 | 4 | G |
| 11 A | 3 | 5 | V |
| 11 B | 7 | 8 | V |
| 12 A | 5 | 11 | V |
| 12 B | 6 | 9 | V |
| 12 C | 9 | 9 | G |
| 13 A | 20 | 7 | W |
| 13 B | 16 | 2 | W |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 | 0 | 1 | V |
| 8 | 0 | 0 | G |
| 9 | 4 | 7 | V |
| 11 | 0 | 29 | V |
| 13 | 42 | 17 | W |




